**Vrydag 13 Mei**

**Skrifgedeelte: Lukas 24:36-50; HK Sondag 12, Antwoord 31**
**Fokusgedeelte: Lukas 24:50, 51**

## Christus as Priester: Hy seën ons

Hoewel dit nie in die Kategismus genoem word nie, was een van die take van die priesters dat hulle die volk in die Naam van die Here moes seën. In Numeri 6 (24-26) lees ons dat die priesters die volk moes seën deur aan hulle te sê: "*Die Here sal jou seën en jou behoed; die Here sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees; die Here sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee*" (1953-vertaling). Daarby sê die Here dan: "*So moet hulle my Naam op die kinders van Israel lê; en Ek sal hulle seën*." Ook hierdie priesterlike taak om sy kerk te seën, het Christus op 'n besondere wyse uitgevoer. Ons lees in Lukas 24:50, 51: "*Daarna het Hy hulle uit die stad uitgelei tot by Betanië. Daar het Hy sy hande opgehef en hulle geseën. Terwyl Hy hulle seën, het Hy van hulle af weggegaan en is in die hemel opgeneem.*" Christus seën sy dissipels. Terwyl Hy hulle seën, begin Hy opvaar. Met sy hande steeds seënend oor hulle uitgestrek, verdwyn Hy agter wolke. Wat beteken dit dan as die Here ons seën? Dit is nie maar net 'n mooi gebaar en mooi woorde wat uitgespreek word nie, maar dit wys op 'n daad van God (Num. 6:27). As Hy ons seën, beteken dit dat Hy ons as sy verbondsvolk met sy genade omring, dat Hy ons bewaar en beskerm, dat Hy ons altyd bystaan en help, dat Hy alles vir ons ten goede laat meewerk (Rom. 8:28). Nou weet ons dat Christus die seën van God, wat ons vanweë ons sonde moes ontbeer, deur sy enige offerande vir ons verwerf het. Met sy hemelvaart lê Hy hierdie verwerfde seën op sy kerk. Trouens, die laaste wat sy kerk van Hom op aarde gesien het, was dat sy hande seënend oor hulle uitgestrek is. Hy wou immers hê dat sy kerk altyd moet onthou dat Hy sy seën op hulle laat rus. Die seën wat tydens die eredienste oor die gemeente uitgespreek word, is dan ook 'n heenwysing na die seën van Christus. Anders gestel: die seën kan alleen oor die gemeente uitgespreek word omdat Christus sy seën op sy kerk laat rus. Dit maak die uitspreek van die seën oor die gemeente 'n aangrypende gebeurtenis. Daarom moet met inspanning en konsentrasie daaraan aandag gegee word. Dit is wel waar dat ons ná die uitspreek van die seën weer terugkeer na ons probleme, ons daaglikse bekommernis en sorge, ons droefheid en besondere huislike omstandighede. Tog weet ek: die seën van die Here is in die kerk oor my uitgespreek. Dit beteken dat Christus, wat seënend na die hemel opgevaar het, sy seën, te midde van al my probleme en die uitdagings wat aan my gestel word, ook op my laat rus. En ... is dit nie 'n wonderlike troos nie!